Laerskool Gene Louw | 27 Maart 2026 | Uitgawe 4/2026

BULLETIN

Medaljes waar jy kyk Geluk aan atlete Milea Jacobs, Carla Barnard en Ruben le Roux, wat altesaam sewe medaljes by die SA Atletiekkampioenskappe verower het.

GENIES HOOGTEPUNTE

- Akademiese uitslae
- Personeelnuus
- Sportsake

Akademiese uitslae

Resultate vir die eerste kwartaal toon 'n soortgelyke patroon as dié van 2025, en die persentasie leerders wat nie aan die bevorderingsvereistes voldoen het nie, is bykans identies.

Graad	Slaagsyfer %	Gemiddeld %
1	98.7	85.2
2	97	84.5
3	99.1	82.6
4	96.8	77.5
5	94.2	73.6
6	92.3	74
7	91.7	73.3

Intervensieplanne is met die betrokke ouers bevestig. U sal ook in die tweede week van Kwartaal 2 die geleentheid hê vir individuele terugvoer en ondersteuningsgesprekke.

UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Beste Ouers en Voogde

Hier by die eindstreep van Kwartaal 1 wil ek graag my opregte dank uitspreek vir u volgehoue ondersteuning, vertroue en samewerking. Ons skool bly 'n plek waar hoë standaarde, gevestigde waardes en opregte omgee die grondslag vorm.

Die afgelope drie maande het dit ons opgeval dat baie van die druk wat ons kinders, gesinne en selfs personeel ervaar, dikwels van binne kom – in die klas, in die personeelkamer en selfs binne die huishouding. Ons woorde en dade dra krag, en kan bou óf afbreek. In Efesiërs 4:29 word ons herinner om vriendelikheid te kies. Laat ons mekaar beskerm teen skinder, afbrekende gedrag of agteraf praatjies. Sodoende versterk ons die fondament van 'n gesonde, veilige skoolgemeenskap.

Mag ons hierdie Paastyd herinner word aan hoop, nuwe lewe en die vrede wat Christus bring. Ons wens elke gesin 'n veilige, rustige en geseënde vakansie toe. Mag die essensie van Paasfees – genade, dankbaarheid en vernuwing – in elke huis ervaar word.

Baie dankie dat u elke dag help om Laerskool Gene Louw 'n plek te maak waar kinders kan groei en floreer en hul potensiaal kan uitleef.

• Vir u gerief is 'n volledige lys van belangrike datums vir die tweede kwartaal asook alle wintersport-bepalings hier beskikbaar.

SPORTSAMEVATTING

TOERSPANNE Van ons rugby-, hokkie- en netbalspanne onderneem toere gedurende die vakansie om in Bloemfontein, die Riebeek-vallei en Paarl mee te ding. Dankie aan die betrokke afrigters, ouers en spelers vir hul toewyding. Voorspoed en reis veilig!

RESULTATE Kliek hier vir die laaste **Atletiek**- en **Bergfietsry**-uitslae van die kwartaal.

DANKIE EN TOTSIENS

Twee gewaardeerde personeellede verlaat ons vandeesweek. Alles van die beste!

- Me. Tayla van Reenen, GSF-assistent
- Me. Linka van Jaarsveld, Gr 1-opvoeder. ■